**Die Boekrol van die Verbond in die Sinaiverbond**

**Eks 20:18 – 24:11**

**16 Junie 2024**

1. Vooraf gebeure: Die volk is reeds uit Egipte gered. Die Here het hulle op arendsvlerke na Sinai gebring (Eks 19:4). Die Here wil hulle kosbaarste besitting, koninkryk van priesters, heilige nasie maak (Eks 19:5-6), hulle moet Sy verbond nakom. Die volk sê "Alles wat die Here gesê, sal ons doen" (Eks 19:8). Die volk berei voor vir die besoek van die Here. Die Here kondig die 10 gebooie aan (Eks 20:1-17)
2. Die volk is bang – en vra Moses moet as tussenganger optree (Eks 20:18-19)
3. Moses sê: "Moenie bang wees nie, maar vrees God" (Eks 20:20)
4. Die sluit van die Sinaiverbond (Eks 20:22-24:11)
    a. Die Here gee bepalings aan Moses (Eks 20:22-23:33)
    b. Moses gee die bepalings aan die volk. Volk: "Alles wat die Here gesê het, sal ons doen" (Eks 24:3)
    c. Moses skryf die bepalings neer. Bou 'n altaar met 12 gedenkstene rondom. Sprinkel helfte van bloed op altaar. Lees die Boekrol van die Verbond. Volk: "Alles wat die Here gesê het, sal ons doen." Moses sprinkel helfte van bloed op die volk. Sluit die Sinaiverbond (Eks 24:4-8)
    d. Here se verantwoordelikheid – maak volk Sy kosbaarste besitting, koninkryk van priesters, heilige nasie
    e. Volk se verantwoordelikheid – gehoorsaam die Boekrol van Verbond
    f. Sinaiverbond is genadeverbond – al het volk 'n voorwaarde om aan te voldoen
5. Verband tussen die Wet van die Here en Boekrol van die Verbond
    a. Wet van die Here – kliptafels, deur God geskryf
    b. Boekrol van die Verbond – boekrol, deur Moses geskryf (in opdrag van die Here)
    c. Wet – permanente beginsels; Boekrol van die Verbond – praktiese toepassings
        - Voorbeelde: 20:23 – 1ste/2de gebod; 20:24-25 – 1 ste gebod; 21:2-6 – 5de gebod; 21:12-14 – 6de gebod; 21:33-34 – 8ste gebod; 22:1 – 8ste gebod; 22:16 – 7de gebod; 22:25 – agste gebod; 22:28 – 3de gebod; 22:29-30 – 1ste gebod; 23:1-2 – 9de gebod; 23:10-11 – 1ste/8ste gebod; 23:12 – 4de gebod; 23:14-17 – 1ste gebod
    d. Motivering vir 2 dokumente: Situasies verander, openbaringsgeskiedenis ontwikkel – Boekrol van die Verbond verval, maar die wet bly staan:
        - Jesus is vervulling van offers
        - Jesus is vervulling van paaslam/pasga
        - Heilige Gees is vervulling van die pinksterfees
        - Jesus se 1ste/2de koms is die vervulling van die loofhuttefees
        - Sabbatdag bly – deel van beide die wet en die Boekrol van die Verbond
6. Is die sluit van die Sinaiverbond werklik 'n genadeverbond?
    a. Verbond met Adam na die sondeval, Noag, Abraham – almal genadeverbonde
    b. Sinaiverbond is genadeverbond met 'n voorwaarde van gehoorsaamheid
        - 'n Heilige nasie moet noodwendig heilig lewe
        - Genadige voorsiening in Sinaiverbond as Boekrol van die Verbond oortree word
            - Bring van offers.
            - Die Here voorsien ware plaasvervangende offer – Sy Seun.